MyStories
jou eie avontuur


# CHRISTINE!

## Waar Kruip Hadeda se Lag Weg?



# CHRISTINE!

## Waar Kruip Hadeda se Lag Weg?



Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Ronel Watkins
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

MS2085-02

# “CHRISTINE!”

roep ouma vrolik uit die plaaskombuis.



“Dit is ’n pragtige dag vir piekniek op die werf vanmiddag. Wil jy my help om vir jou en oupa ’n lekker sjokolade-bessie-koek te bak?” vra ouma. “Met plesier,” sê Christine opgewonde en pak die bestanddele op die rak uit.




“Maar waar is die eiers, bessies en melk dan?” vra Christine.

“O gonna,” sê ouma bekommerd.



"Ouma! Die probleem los ek in 'n japtrap op," sê Christine en sy glimlag so breed, ouma begin sommer lag. Daarna rek sy hoog en haal 'n groot emmer en mandjie van die kombuisrak af.



Haastig op pad na die hoenderhok, gewaar Christine 'n baie hartseer hadeda eenkant op 'n tak.


"Wat is fout hadeda? Waarom lyk jy so hartseer?" vra Christine besorgd.

"Ag!" sug die hadeda ellendig. "My naam is Hans die hadeda, en ek is hartseer omdat my lag wegkruip. Ja, ek het al skoon vergeet hoe om te lag. As ek nie baie vinnig my lag vind nie, gaan ek 'n nuwe werf ook moet soek."

# “HOE NOU?”

vra Christine en sy frons verward.





“Elke dag kom al ons hadeda’s op die groot plaaswerf bymekaar,” verduidelik Hans. “Ons vertel vir mekaar die snaaksste stories wat ons deur die dag beleef het, dan lag almal heerlik saam:

## HAAA HAAA HAAA HEE HAAA!

Almal behalwe ek! Want my lag kruip weg,” sê Hans.

“Die ander hadeda’s het gesê as ek so ’n brompot bly, gaan hul my van die werf afjaag! Vanmiddag is my laaste kans om saam met hulle almal te lag.”

Christine voel vreeslik jammer vir die hartseer hadeda. “Kom ons gaan soek jou lag!” stel sy voor.

“Ek is juis nou op pad na die hoenderhok, dalk lê jou lag daar en wag.”

Terwyl Christine drie eiers versigtig in die mandjie pak, gesels sy met Elvis die hoenderhaan oor Hans se verlore lag.






# "O KLOEK!"

sê Elvis.



"Hier het ek nie Hans se lag gewaar nie, maar ek weet van iets wat dalk kan help." Net daar gooi Elvis sy kop agteroor en met 'n **koekelekoe** kraai hy hardop:

**"'N EEN, 'N TWEE, 'N EEN TWEE DRIE EN..."**



Soos een man spring al die hoenderhenne agter Elvis op die stellasie.
Hul haal die snaaksste danspassies uit.



Hulle dans na links en...




...hulle dans na regs.

Christine skater van die lag vir die lawwe hoenders.

Maar Hans kyk hulle net nors aan. Dit is glad nie vir hom snaaks nie.
Hans die hadeda se lag is steeds weg.



"Wel," sê Christine vasberade, "miskien kruip jou lag in die koeistal weg.
Kom ons gaan soek daar."




In die koeistal, melk Christine vir Pieka die koei tot die groot emmer vol vars melk is. Sy vertel vir Pieka van Hans se lag dilemma.

# "MMM..."


**moe** Pieka moedig, "ek is bevrees Hans se lag is nie in die koeistal nie, maar ek weet van 'n speletjie wat baie ander al gehelp het om hul lag te vind."

“Ek gaan agter die groot hooibaal wegkruip, dan roep julle my naam,” verduidelik Pieka.



Christine en Hans roep saam:

# “PIEKA... PIEKA...”



# “MOEEE!”

bulk Pieka terwyl sy agter die hooibaal uitspring.

Christine bars uit van die lag vir hierdie snaakse Pieka-moe speletjie. Maar Hans kyk hulle net suur aan. Dit is glad nie vir hom snaaks nie.

Hans die hadeda se lag bly weg, en sy hart is seer.

Hy is so lief vir die groot plaaswerf. Wat sal van hom word as die ander hadeda’s hom hier wegjaag?



“So maklik kan ons nie tou opgooi nie,” sê Christine vol moed. “Kom ons gaan soek in die groot groentetuin, dalk sal ons jou lag daar ontdek.”



In die groentetuin trek Christine haar stewels uit. Versigtig trap sy deur die bedding en pluk 'n handjievol bessies vir ouma.

Terwyl sy onder die groen blare soek, steek Manie mol sy kop by 'n molshoop onder die grond uit. "**PSSST!** Ek hoor Hans het sy lag verloor?" fluister Manie. "Ek het 'n idee wat dalk sal werk." Nog voor Christine 'n woord kan sê, kondig Manie aan:



# "TRIPPE TRAPPE TONE!"



Manie spring uit die molshoop en met sy harige pootjies hardloop hy op en af bo-oor Christine en Hans se tone.

Dit is baie kielierig en Christine lag kliphard van pure lekkerkry. Maar Hans draai sy kop en kyk sommer weg. Dit is glad nie vir hom kielierig óf snaaks nie.





Christine trek haar stewels weer aan. Kop onderstebo stap hul terug na die plaashuis.

Hans die hadeda se lag bly weg en hul kry dit net mooi nêrens nie.

Intussen, hoog in die lug, vlieg die ander hadeda's reeds werf toe.





# "HAAA!"

Lag 'n hadeda skielik hard bo hul koppe. Christine wip soos sy skrik! Sy gooi haar arms in die lug en, o-wee, die volgende oomblik trek die eiers, die bessies, en die groot emmer vol vars melk, met 'n boog, hoog deur die lug.

Christine probeer keer, maar

SJLOESH

stroom die melk oor haar uit.

DIP DAP DOP

val die bessies een vir een op haar neer.

En

KRAAK KETIE KRAAK

breek die eiers op haar kop.



Christine weet nie of sy moet lag of huil nie.
Sy is van kop tot tone vol eiers, bessies en melk. Maar...

...net toe hoor sy 'n harde

HAAA gevolg deur nog 'n

HAAA, en 'n

HAAA, en dan 'n

HEE HAAA!




Christine lyk soos 'n eier-bessie-melk-dogtertjie en Hans dink dit is bitter snaaks.

**"HAAA HAAA HAAA HEE HAAA!"**
lag Hans uit volle bors.

Hans die hadeda se lag het al die tyd diep binne hom weggekruip. Nietemin, toe die lag eers uitkom, kon hy dit nie meer binnehou nie. Met die lag in sy hart kan Hans nie wag om sy storie van die dag met die ander hadeda's te deel nie.

"Dit is al amper middag," sê Christine, "hoe gaan ek en ouma nou die koek klaar bak?"

"Christine! Hierdie probleem los ek in 'n japtrap op," sê Hans vrolik. Sonder om te skroom haak Hans die mandjie en groot emmer om sy nek. Hy klap sy vlerke en vlieg so vinnig as wat hy kan na Elvis, Pieka en Manie. Net betyds lewer Hans al die bestanddele voor die plaaskombuis se deur af.





Daardie middag sit Christine, oupa en ouma onder die groot boom buite op die werf en smul aan die heerlike sjokolade-bessie-koek. "Waarom roep die hadeda's so ekstra hard vandag?" wonder ouma hardop. "Ek weet!" sê Christine opgewonde. "Hulle lag oor die snaaksste storie van die dag."

"O-so," glimlag oupa, "en watter storie sal dit nogal wees?"

Christine se wangetjies bloos rooi en sy druk sommer 'n groot stuk koek in haar mond.

Met ’n

**HAAAAA**

en “n

**HAAAAA**

en ’n

**HAAA HEEE HAAAAA**

lag oupa, ouma en Christine al te lekker saam met Hans en al die ander hadeda’s op die werf.



MyStories
jou eie avontuur

**Hans die hadeda het sy lag verloor!**

As hy dit nie voor vanmiddag vind nie, is hy sy gunsteling plaaswerf ook kwyt! Vol durf bied Christine aan om vir Hans te help soek. Hul soektog verander in 'n vrolike avontuur – maar hul kry Hans se lag net mooi nêrens nie.

Wat gaan van arme Hans word?
Sal Christine daarin slaag om hom te help om sy lag te vind?

**www.mystories.co.za**



MS2085-02